

# 'N KATTERIGE OMHELING?



**BENODIGDHEDE:** Vir beige en wit katte: Ongeveer 150 g Jaeger's Langora, kleurnrs. 351 en 244, breinaalde van 4 mm; vir gestreepte kat: Sirdar Country Style DK, kleurnrs. 720 en 725; breinaalde van 3 mm; 'n paar drade bruin, beige, swart, groen, wit, blou en pienk om katgesigte te borduur.

**MATE:** Die lyf van elke kat is ongeveer 68 cm lank (sonder stert of pote).

**SPANNING:** Langora: Ongeveer 26 ste en 34 rye = 10 x 10 cm met 4-mm-breinaalde; Country Style: Ongeveer 27 ste en 36 rye = 10 x 10 cm met 3-mm-breinaalde.

**AFKORTINGS:** r - brei regs; aw - brei aweregs; st(e) - steek (steke); herh - herhaal; vermeer - vermeerder; vermin - verminder; weersk - weerskante; volg - volgende; beg - begin; alt - alternatiewe.

# 'N KATTERIGE OMHELING?

## BEIGE KAT

**LYF:** Begin by die stert en stel 16 ste op. Brei 34 cm reguit, vermeer 9 ste aan beg van volg 6 rye — 70 ste op breinaald — en brei reguit voort tot werk 68 cm lank is. Heg af.

Brei 2 eenderse dele vir elke poot soos volg:

**POTE:** Stel 16 ste op en brei 7 cm reguit. Heg 4 ste af aan einde van vlg 3 alt rye, dan laaste 4 ste in vlg ry.

**KOP:** Onderste deel: Stel 4 steke op met beige en vermeer 2 ste aan weersk van vlg 3 rye, dan 3 ste aan weersk van daaropvlg ry, dan 2 ste aan weersk van daaropvlg ry, daarna 1 st aan weersk van daaropvlg ry. Vermeer dan nog 1 st aan weersk van vlg 3 alt rye. Brei daarna 16 rye reguit voort op dié 34 ste. Heg af.

Bokant van kop:

Stel 4 ste op met beige. Raadpleeg diagram vir vermeer en vermin.

**AFWERKING:** Werk al die onderdele aan

lyf vas, raadpleeg diagram.

Werk nate van lyf en pote toe, maar laat 'n opening aan bokant om dit te kan omdop en kop aan te werk.

Borduur kop, raadpleeg diagram.


Die groen oë word met swart stamsteek omlyn, die bek word met glipsteek geborduur, die snor met groot wit steke en daar word kolletjies oor die hele kop geborduur. Werk dan die twee koponderdele aan mekaar vas en dan die kop aan die lyf vas met agtersteek.

## GESTREEPTE KAT


Soos beige kat, maar brei beurtelings 8 rye grys en agt rye groengrys vir strepe. Brei pote met strepe van 4 rye elk. Die kop word met grys gebrei en dan word volgens kolletjies en strepies op diagram geborduur.

## WIT KAT

Volg aanwysings vir beige kat, maar moenie lyf langer as 62 cm brei nie. Werk kop met borduursel af. Raadpleeg diagram en foto.




## GRYS KAT




1 — groen      x — swart  
2 — grys      / — pienk  
■ — swart stamsteek  
● — grys-groen      /// — wit stamsteek

## BEIGE KAT




1 — groen      2 — beige  
■ — swart stamsteek  
● — bruin      o — beige  
x — swart      /// — wit stamsteek

## WIT KAT



1 — blou      2 — wit  
■ — swart stamsteek  
x — swart      / — pienk  
● — bruin      /// — silwergrys stamsteek

Watter ligte, kleurvolle breigare  
wat presisie-gespinn is sal nie krimp  
in die reën of verbleik in die son?



Watter ligte, kleurvolle,  
fatsoenlike breigare  
bly kleurvas?

